Woensdag **17 Januarie**

**Skrifgedeelte: Job 19:23-29 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Job 19:25**

**Ons Verlosser leef!**

Job het in sy worsteling om die verborge deel van God se wil te verstaan, aan die Here bly vashou. Die Here het hom gelei om te leer hoe om met waarom-vrae te worstel. Job het nie die hele tyd so styf aan God bly vashou nie, maar hy het die Here nooit gelos nie. Sy swaarkry was in stadiums so erg dat hy vergeet het dat God onveranderlik is. Tog het die Here Hom nie een keer gelos nie.

Dit gebeur ook dat ons hande in ’n geloofstryd gly. Maar deur die worsteling is die Here besig om daardie versekering. Ondanks alles wat met Job gebeur het en ondanks alles wat sy vriende gesê het, weet hy dat sy Getuie in die hemel is. God is sy getuie en Hy weet dat Job onskuldig is. Die Heilige Gees laat Job se sekerheid van hoop groei. God is naby; Hy is sy Getuie in die hemel.

Dit is dan in hierdie diepste wanhoop, op die bodem van alle menslike krag en uithouvermoë, dat die Heilige Gees die hoop so sterk in Job laat deurbreek dat hy kan sê: Maar ek, ek weet: My Losser leef.

Met die kruis van Christus word die woorde van Job ’n werklikheid. Ons Verlosser leef! Die Here op wie Job gehoop het, het Homself in Jesus Christus aan ons bekendgemaak. Hy het nie net ons saak aan God gestel nie, maar ook die straf wat ons moes kry, in ons plek gedra. Ons is in ons verhouding met God herstel. Ons is kinders van God. Met sy bloed het Christus ons vrygekoop van die slawebande van die sonde.

Mag die Heilige Gees elkeen van ons laat sien dat Jesus Christus ons vashouplek van sekerheid en hoop is en bly tot in ewigheid.

*Sing: Skrifberyming 3-1:2, 3*

*Ds. HJ (Herman) Coetzee (Amanzimtoti)*